**Vrydag 20 Maart**
**Skrifgedeelte: Psalm 79 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Psalm 79:5, 9**
**Die lewende God, die altyd Helper van die roepende hulpelose!**
Psalm 79 as liedwoorde van die Godskind voor die aangesig van die altyd-Helper! Liedwoorde in klaagtoon, want:

- *God se land is ontheilig;*
- *Sý stad is ontheilig;*
- *Sý tempel is ontheilig.*

Die verwoesting van Jerusalem en die tempel (586 vC) as gevolg van God se toorn-woede oor die sonde van die Godsvolk. Ramp op ramp ... Alles is stukkend; stad én tempel én God se troue dienaars is "verwoes". Neergefel en hulle lyke agtergelaat as kos vir die roofvoël en wilde dier.
Asaf sê én hy vra:
*"Ons word deur almal om ons uitgejou. Hoe lank, Heer sal ons dit nog uit moet hou?*
*God, sal u toorn vir altyd voort bly duur,*
*U woede, altyd brandend soos 'n vuur?"* (Ps. 79-2:3)
Die stukkend as gevolg van die sonde. Die ballingskap. Die eer van die lewende Here nie in die middelpunt nie. Alles deurmekaar! Destyds en heden vandag. En tog as Godskind in psalmwoord te roep: "Help my, o God, my Redder!"
Want so weet ons mos ... As die Here die sonde na reg wou gadeslaan, wie sal dan een enkele stonde voor die lewende Here bestaan? Maar die ongeregtighede van alle geslagte het op Jesus neergekom en daarom met Psalm 79 in die hand, asof van Golgota af, met sekerheid te pleit om God se ontferming en vergewing. Ter wille van die eer van sy Naam sal Hy u nie wegwys nie. En van Golgota af via Jesus se dood en opstanding sy mag oor alle vyande bewys. Om te weet en te glo dat die Heilige Gees in 'n mens se verwoeste hart woning maak en lewe in dooie harte wek.
Heden vandag 'n hedendaagse klaaglied met verwagting aan te hef. Psalmwoorde uit Psalm 79 oorgeneem:
*"Wees nou, o Here, tog oor my begaan.*
*My Redder, help, my kragte is gedaan;*
*Ter wille van U Naam en tot U eer,*
*Vergewe my al my oortredings, Heer ..."*
Here, u grote Naam wat gesmaad word. In Psalm 79 se tyd en tot vandag toe. Deur die heiden én die Godskind. Al biddend te smeek om genade en om 'n nuwe verhouding tussen God en sy volk ... 'n herstelde verhouding tussen my as Godskind en die lewende Here.
Help my, o God, my Redder, ter wille van die eer van u Naam! Stil en rustig te weet:
*"Maar, Heer, van ons(my) oortredings*
*maak U geen optelsom;*
*U, God van groot vergewing,*
*laat ons(my, sondaar) na U kom ..."*
Ek sal U loof, my lewe lank! Ek maak van al u dade groot gewag.

*Sing: Psalm 79-2:9*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*